# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (12/13)

*Justin Chadwick (22 Maart 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK*** *"There is a fine line between fishing and just standing on the shore like an idiot" Stephen Wright*

## SUIDER-AFRIKA SE SKATTING VIR 2013

Die Sitrusbemarkingsforum het op Dinsdag 14 Maart 2013 vergader om die skattings te bespreek wat deur die variëteits-fokusgroepe twee dae vantevore opgestel is. Hierdie skattings is nou deur alle rolspelers in oënskou geneem en as die finale skatting vir 2013 aanvaar. Sedert 2012 sluit hierdie syfers nou volumes van Swaziland, Mosambiek en Zimbabwe in – wat dit 'n skatting van suider-Afrika maak.

Die grootste toename is in pomelo's (15%), weens die lae volumes in 2012. Valencia en nawel-volumes word op amper dieselfde as in 2012 (1% toename) geskat, terwyl suurlemoene met 6% sal toeneem en sagte sitrus met 7%. In geheel toon die skatting 'n 4% toename.

| | 2 006 | 2 007 | 2 008 | 2 009 | 2 010 | 2 011 | 2 012 | Skatting 2013 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VALENCIAS** | 34 425 852 | 43 557 225 | 43 224 699 | 38 499 132 | 46 739 760 | 44 169 932 | 47 238 584 | **47 687 700** |
| **NAWELS** | 16 610 193 | 18 730 110 | 21 540 837 | 19 402 276 | 22 943 816 | 21 158 307 | 24 554 517 | **24 857 390** |
| **POMELO'S** | 10 521 535 | 14 312 096 | 12 839 811 | 14 223 903 | 12 470 420 | 15 937 517 | 13 038 968 | **14 957 659** |
| **SUURLEMOENE** | 7 492 139 | 7 352 636 | 9 580 168 | 8 661 996 | 9 655 291 | 10 782 427 | 10 504 127 | **11 140 405** |
| **SAGTE SITRUS** | 5 878 399 | 6 762 572 | 7 342 352 | 6 781 746 | 7 535 584 | 6 907 856 | 7 635 313 | **8 177 105** |
| **TOTAAL SITRUS** | **74 928 117** | **90 714 639** | **94 527 867** | **87 569 053** | **99 344 873** | **98 956 039** | **102 971 509** | **106 820 258** |

As daar na die vier suidelike halfrond lande gekyk word – toon Suid-Afrika se Valencias 'n geringe toename van 0.4% op 2012, Zimbabwe neem met 12% toe, Swaziland voorspel 'n afname van 8%, terwyl Mosambiek dieselfde volumes as verlede jaar voorsien.

| VALENCIA VOLUMES | 2012 Werklik | 2013 Skatting |
|---|---|---|
| Suid-Afrika | 44 466 584 | 44 686 700 |
| Zimbabwe | 1 950 000 | 2 200 000 |
| Swaziland | 822 000 | 751 000 |
| Mosambiek | 50 000 | 50 000 |

Alhoewel daar voorspel word dat Zimbabwiese pomelo-uitvoere staties gaan wees, word daar voorspel dat volumes van Mosambiek met 23% gaan verhoog, Suid-Afrika met 15% en Swaziland met 14%.

| POMELO VOLUMES | 2012 Werklik | 2013 Skatting |
|---|---|---|
| Suid-Afrika | 10 787 648 | 12 387 934 |
| Zimbabwe | 75 000 | 75 000 |
| Swaziland | 585 644 | 665 000 |
| Mosambiek | 56 670 | 70 000 |

Kommentaar van die fokusgroepe was as volg: **pomelo**-groottes sal baie beter as in 2012 wees (wat deur kleiner groottes gekenmerk is), goeie gehalte en goeie kleur. Alles in aggeneem behoort dit 'n goeie pomelo-seisoen te wees. Die grootste **suurlemoen** produserende area (Oos-Kaap) sal 'n toename in vroeë suurlemoene hê (met 10% in vergeleke met die lae eerste pluk in 2012), 'n 8% toename in mid-seisoen en 6% toename in laat suurlemoene. Die area verwag ook groter groottes. **Nawel** produsente verwag ook groter vrugte, met 'n verskuiwing van vroeër vrugte na later vrugte. Daar was geïsoleerde gevalle van hael in die Wes-Kaap en Nelspruit; terwyl Vaalharts-area 'n herstel van laas jaar se hael toon. Vir **sagte sitrus** toon laat mandaryne die meeste groei (10%) soos jong boorde in produksie kom. Satsumas neem met 8% toe terwyl Clementines geskat word om met 3% toe te neem. Vir **Valencias** toon die noordelike areas 'n effense afname in die skatting, terwyl die suidelike areas groei verwag.

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE HEFFING WAT DEUR DIE CGA GEADMINISTREER WORD**